

**1 November**

**Skrifgedeelte: 2 Petrus 3:1-13**

**Ons leef in 'n baie besondere tyd**

Wat staan vir jou voorop in hierdie tyd waarin ons nou leef? Miskien sal jy sê dat ons in 'n tyd van onreg, geweld, korrupsie en bedrog leef. Jy is natuurlik nie verkeerd nie. Uit die gelese gedeelte in 2 Petrus kan ons egter nog 'n paar ander dinge sê van die tyd waarin ons nou leef. Ons kan sê dat ons in 'n tyd leef waarin baie mense spot oor die wederkoms en die eindoordeel (vers 3-4). Ons leef ook in 'n tyd wat afstuur op die verwoesting van die aarde en die hemel (vers 5-7,10) maar ook die koms van 'n nuwe aarde en 'n nuwe hemel.

In vers 9 gee Petrus egter vir ons 'n baie besondere perspektief op die tyd waarin ons nou leef. Ons leer in dié vers dat ons nou in 'n genadetyd leef. Ons leef in 'n tyd waarin God geduldig is – 'n tyd waarin Hy vir mense die geleentheid gee om tot inkeer te kom. As ons hierdie perspektief behou, vertel ons nie maar net vir mekaar hoeveel mense daar tans is wat onreg, geweld, korrupsie en bedrog pleeg nie, ons begin beplan hoe ons hierdie mense kan waarsku dat die genadetyd verbygaan. Ons begin beplan hoe ons op die mees effektiewe manier Jesus Christus aan hulle kan verkondig – Hy wat mense red en hulle lewe radikaal verander. Ons leef inderdaad in 'n besondere tyd. Kom ons benut dit voluit.

*Sing: Psalm 47:1,4*

*Dr DG Breed (Waterkloofrand)*